**Die getuienis oor die Here Jesus (OP217)**

**Joh 5:31-47**

**20 April 2025**

Die afgelope twee weke het ons al stilgestaan by die genesing van die man by die bad van Betesda. Ons het al gesien dat sy fisiese genesing 'n afbeelding is van hoe die Here Jesus gelowiges verlos. Ons het ook daaroor besin dat die genesing van die man op 'n sabbatdag nie 'n oortreding was van die sabbatsgebod nie, aangesien die genesing deel was van die Here Jesus se verlossingswerk. Laasweek het ons die volmag van die Here Jesus oordink nadat die Jode aanstoot geneem het daaraan dat die Here Jesus Homself gelykgestel het met God die Vader. Die Here Jesus het hierop gereageer en gesê Hy en die Vader is in 'n intieme Vader-Seun verhouding met God se liefde as basis. Die Vader wys Hom alles wat Hy doen, en dan doen die Here Jesus dit netsoos die Vader dit doen. Maar daar is twee nog groter dinge wat die Here Jesus gaan doen in opdrag van die Vader: Hy gaan, soos die Vader, lewe uit die dood bewerk, en Hy gaan oordeel – hierdie is twee unieke verantwoordelikhede wat net God kan doen, en daarom impliseer dit dat die Here Jesus ook God is, soos die Vader, maar terselfdertyd is daar steeds net een God. Die gevolg van hierdie lering is dat ons die Seun moet eer met dieselfde eer as wat ons die Vader eer, en verder moet ons ook luister en glo wat Hy en die Vader aan ons bekend maak. Hierdie lering hou ook drie beloftes in: Diegene wat na die Here Jesus luister en Hom glo, gaan nou alreeds oor van die dood na die lewe, verder is daar ook geen veroordeling meer vir hierdie gelowiges nie, en boonop sal hulle liggame ook op die laaste dag opstaan en hulle sal vir ewig in heerlikheid met liggaam en siel leef.

Maar: Soos wat ek laasweek al na verwys het, is daar nou tog 'n probleem: Ja, die Here Jesus het nou gewigtige en groot dinge oor Homself geleer. Ons kan ons net indink dat die Jode wat hierna geluister het, waarskynlik wou uitroep: "Bewys dit!" Hulle sou wou uitroep: "Jy het nou oor jouself getuig. Maar een getuie is nie voldoende nie, veral nie as daardie getuie getuienis oor homself gee nie! Ons soek meer getuies wat kan bevestig wat jy getuig het!" Dit is tog netso dat Deut 19:15 voorgeskryf het dat daar twee of drie getuies moet wees. En die Here Jesus sou ook in Mat 18:16 dieselfde beginsel toepas.

In Joh 5:31-47 verwys die Here Jesus hulle dus na ses getuies wat oor Hom getuig, en wat bevestig wat Hy sê. Ek wil vandag by hierdie ses getuies stilstaan. Daarna wil ek besin oor hoekom die Jode, selfs met ses getuies se getuienis, steeds nie oortuig was nie.

<u>Getuie 1: Die Here Jesus (Joh 5:31-32)</u>

Lees Joh 5:31-32. Die eerste getuie is natuurlik die Here Jesus self. Laasweek het ons in detail hierby stilgestaan – en Sy getuienis word vir ons beskryf in v19-30. Die betekenis van vers 31 is nie dat die Here Jesus nou sê Sy eie getuienis is nie waar nie, oftewel vals nie. Dit beteken net daar is vanuit 'n regsperspektief 'n tekortkoming – siende dat dit selfgetuienis is. In beginsel is dit natuurlik baie moontlik dat sondige mense selfgetuienis sal misbruik, en plooi soos dit hulle pas. Maar, hier is die ironie: Die Here Jesus is nie maar net 'n gewone mens nie, en definitief is Hy nie 'n sondige mens nie. Daarom, in Sy geval, is selfgetuienis nie net aanvaarbaar nie, dit is selfs voldoende. Streng gesproke het ons niks meer nodig as Sy eie getuienis nie.

Dink aan die inhoud van Sy getuienis: Hy het getuig die Vader wys Hom alles, en Hy doen net wat die Vader doen (v19-20) – m.a.w. Hy en die Vader is perfek belyn. Hy is self absoluut 100% oortuig dat wat Hy getuig het, waar is, want Hy weet die Vader stem saam dit is waar. Lees weer Joh 5:32. Effektief roep die Here Jesus hier die Vader in as Getuie. (In verse 37-38 is die Vader definitief een

van die Getuies, en ons sal later kyk na die Vader as Getuie.) Maar dit lyk vir my die doel met vers 32 is eerder dat die Here Jesus redeneer Hy is persoonlik oortuig Sy getuienis is waar, want die Vader stem saam met Sy getuienis, en daarom is Hy Self oortuig. Maar, die Here Jesus verstaan ook, die Jode en ons het nie insae in alles wat tussen die Seun en die Vader gebeur nie, en daarom beroep Hy Hom op meer getuies sodat ons ook oortuig kan wees, soos wat Hy oortuig is Sy getuienis is betroubaar.

<u>Getuie 2: Johannes die Doper (Joh 5:33-35)</u>

Lees Joh 5:33-35. Die tweede getuie waarna die Here Jesus verwys, is Johannes die Doper. In ‘n sekere sin is ons nie verbaas nie: Immers het ons in Joh 1:7 al geleer dat Johannes die Doper juis gekom het om oor die Here Jesus te getuig dat Hy die Lig is in wie mense moet glo. In Joh 1:29 het Johannes die Doper juis na die Here Jesus gewys en gesê: “Kyk, die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem”. Onthou Jesus se getuienis is dat Hy, onder andere, lewe uit die dood gaan bewerk – hoe sou dit gebeur? Deurdat Hy die sondes van die wêreld sal wegneem – soos wat Johannes die Doper gesê het. Trouens in Joh 1:34 het Johannes die Doper, nadat hy die Gees van God soos ‘n duif op die Here Jesus sien neerdaal het, getuig: “En ek het gesien en getuig: ‘Hy is die Seun van God.’” Weereens stem Johannes se getuienis ooreen met wat die Here Jesus nou sopas oor Homself aan die Jode gesê het: Hy is die Seun van God.

En tog, in ‘n sekere sin is dit vreemd dat die Here Jesus Johannes die Doper as getuie gebruik – immer is Johannes die Doper net ‘n mens, en die Here Jesus se getuienis gaan oor die feit dat Hyself meer is as net ‘n mens, trouens Hy is God. Is dit realisties dat die getuienis van ‘n mens aanvaarbaar is om te getuig die Here Jesus is God? In vers 34 erken die Here Jesus die beperktheid van Johannes die Doper as getuie – Hy erken Johannes die Doper het nie Hom, dit is die Here Jesus self, oortuig nie – Hy het mos nou al uitgelig Hy is oortuig omdat Hy weet wat die Vader vir Hom gesê het. Maar die Here Jesus gebruik Johannes die Doper as getuie omdat Hy besig is om met die Jode te redeneer. En die feit van die saak is, toe Johannes die Doper opgetree het, het baie van die Jode na hom gegaan. Vers 35 sê Johannes was die lamp wat brand en lig gee (ja, ons weet die Here Jesus is die ware Lig), maar Johannes se getuienis was oor Jesus, en dit was ook ‘n lig. En die Jode was gretig om hulle vir ‘n rukkie in sy lig te verbly. Johannes se getuienis het ‘n Messias-verwagting onder die Jode wakker gemaak, en die Jode het hierop gereageer met gretigheid. Daarom gebruik die Here Jesus vir Johannes as getuie. Maar, onthou nou: Die inhoud van Johannes se getuienis oor die Here Jesus het ooreengestem met die Here Jesus se getuienis oor Homself – hoekom is die Jode nou so verbaas en gekant teen die Here Jesus se getuienis?

<u>Getuie 3: Die werke van die Here Jesus (Joh 5:36)</u>

Lees Joh 5:36. Die Here Jesus redeneer daar is egter ‘n gewigtiger getuienis as die getuienis van Johannes die Doper. Hierdie gewigtiger getuienis is die getuienis wat voortspruit uit Sy werke. Hierdie werke is aan die Here Jesus deur die Vader gegee om te doen, en, redeneer die Here Jesus, hierdie werke getuig dat die Vader Hom gestuur het. Die vraag is natuurlik: na watter werke verwys die Here Jesus? Wel, in ‘n sekere sin sluit dit waarskynlik al Sy werke in. Maar kom ons staan net kortliks stil by die werke wat ons nou al in die voorafgaande hoofstukke in die Johannes-evangelie teengekom het:

- Ons het gelees Hy het water in wyn verander by die bruilof in Kana (Joh 2). In Joh 2:11 lees ons dat hierdie teken Sy heerlikheid geopenbaar het, en Sy dissipels het in Hom geglo. Onthou die Here Jesus se getuienis: Luister en glo, dan sal jy oorgaan van die dood na die lewe. Wel, die dissipels het die water-in-wyn teken gesien, en geglo – en hulle het toe

oorgegaan van die dood na die lewe. Sy werke het die dissipels oortuig dat Sy eie getuienis oor Homself waar is. Onthou verder, daardie water-in-wyn teken het ook nog ‘n veel dieper betekenis: Dit het gewys die einde van die ou verbond is op hande, en die nuwe verbond is op die punt om aan te breek. En die Here Jesus is die inhoud van die nuwe verbond. Sy dade getuig oor Hom.

- Of dink aan daad van die Here Jesus toe Hy die tempel gereinig het in Joh 2. Die Jode het bly vaskyk teen die fisiese tempel waaraan al vir 46 jaar gebou is – maar die Here Jesus se reiniging van die tempel getuig oor Hom: Hy is die ware tempel, Hy is die vervulling van die betekenis van die Ou Testamentiese tempel. Daarom gaan die fisiese tempel sy rol verloor, en die Here Jesus gaan die ware tempel wees. Sy werke getuig oor Hom!
- Of dink aan die Here Jesus se optrede onder die Samaritane in Joh 4. Die gevolg was: Baie van hulle het tot geloof gekom en was oortuig Hy is waarlik die Verlosser van die wêreld. Sy werke onder die Samaritane het hulle oortuig van wie Hy is – en hulle oortuiging is in lyn met Sy getuienis: Hy kan lewe uit die dood bewerk!
- Of dink aan daardie koninklike amptenaar wie se seun siek was. Die Here Jesus se optrede het hom oortuig om te vorder van ‘n geloof in die Here Jesus net as Wondergeneser tot ‘n ware saligmakende geloof in die Here Jesus as die Messias, met die gevolg dat hy en sy hele huishouding oorgaan het van die dood na die lewe – die Here Jesus se dade getuig oor wie Hy is!

Dit is tog duidelik die dade van die Here bevestig Sy getuienis. Hoekom sukkel die Jode so om dit in te sien?

<u>Getuie 4: God die Vader (Joh 5:37-38)</u>

Lees Joh 5:37-38. In vers 32 het ons gesien dat die Here Jesus oortuig was Sy eie getuienis is waar, want die Vader stem met Hom saam. Maar hier in vers 37 is die klem bietjie anders: die Here Jesus sê vir die Jode, en ons, God die Vader het ook oor Hom getuig. Ek kan my net indink hoe verontwaardig die Jode moes wees: Waar het God die Vader self persoonlik teenoor hulle getuig dat die Here Jesus Sy Seun is?

Wel, onthou wat gebeur het tydens die doop van die Here Jesus deur Johannes die Doper: In Mat 3 lees ons, nadat Johannes die Doper die Here Jesus gedoop het, het die hemele oopgegaan en die Gees van God het soos ‘n duif op Hom neergedaal. En dan volg Mat 3:16: “En meteens het ‘n stem uit die hemel gesê: ’Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug.’” Die stem van God die Vader self, wat aankondig die Here Jesus is Sy geliefde Seun – dit is juis wat die Here Jesus getuig het: Hy en die Vader is in ‘n Vader-Seun verhouding, en hierdie verhouding het liefde as basis. En boonop: die Vader het vreugde in die Seun – juis wat die Here Jesus getuig het: Hy en die Vader werk aan dieselfde sake op pad na dieselfde einddoel in perfekte harmonie – natuurlik sal die Vader dan vreugde hê in Sy Seun. Hierdie selfde woorde word in Mat 17:5 herhaal tydens die verheerliking van die Here Jesus op die berg. Weer is dit die Vader wat praat, weer sê Hy: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug” – en dan voeg Hy by: “Luister na Hom” – maar dit is dan juis wat die Here Jesus getuig het: ons moet na Hom luister. Nou, miskien sou die Jode kon redeneer, hulle was nie teenwoordig met die doop van die Here Jesus nie – maar ten minste was Johannes die Doper daar. En die Jode was gretig om na Hom te luister!

In vers 37b-38 spreek die Here drie probleme by die Jode aan: Hulle het nog nooit die Vader se stem gehoor nie, hulle het nog nooit die gestalte van die Vader gesien nie, en hulle het nie Sy woord blywend in hulle nie. Ek wil nie nou hieraan aandag gee nie. Ek wil net eers kyk na die laaste twee getuies, daarna wil ek die probleem van die Jode bespreek.

Getuie 5: Die Skrifte (Joh 5:39)

Lees Joh 5:39. Die vyfde getuie is die Skrifte. Hierdie Skrifte is natuurlik die Skrifte wat die Jode op daardie stadium gehad het – dit beteken die Ou Testament. Die Here Jesus redeneer die Ou Testament getuig oor Hom. Hierdie is natuurlik 'n groot onderwerp, en daar is al baie geskryf oor die feit dat die Ou Testament oor die Here Jesus getuig. Kan ek maar net die volgende uitlig:

- In die verbond met Adam en Eva na die sondeval, lees ons van die belofte van die Een uit die nageslag van die vrou wat sal kom om die kop van die slang, dit is die duiwel, te vermorsel. Wel, die Here Jesus is daardie Een.
- In die verbond met Noag na die sondvloed, lees ons dat God die oordeel tydelik uitstel tot aan die einde van die tyd. Wel, die Here Jesus is die Een deur wie Hy gaan oordeel.
- In die verbond met Abraham nadat hy vir Isak moes gaan offer, leer ons dat die Here 'n plaasvervangende offer gaan gebruik om Abraham se nageslag te spaar. Wel, die Here Jesus is daardie Plaasvervangende offer, deur wie die ware nageslag van Abraham sal oorgaan van die dood na die lewe.
- In die Sinaiverbond leer ons van die tabernakeldiens en die offers en byvoorbeeld die Groot Versoendag. Wel, die Here Jesus is die vervulling van die simboliek van die tabernakel, Hy is die eenmalige volmaakte offer, en Hy gaan deur die voorhangsel in na die Vader in die ware Allerheilgste met Sy sterwe.
- In die verbond met Dawid leer ons van 'n komende Koning uit Dawid se nageslag wat vir ewig sal regeer. Wel, die Here Jesus is daardie Koning.

Die verbonde vorm die ruggraat van die Ou Testament. Die verbonde het ten diepste die Here Jesus as inhoud. Daarom is dit onwrikbaar duidelik: Die Ou Testamentiese Skrifte getuig oor die Here Jesus. In sy boek "Nothing but the Truth", skryf Brian Edwards daar is meer as 300 identifiseerbare profesieë oor die Here Jesus in die Ou Testament (hy lys hulle), waarvan 29 vervul is in die laaste 24 uur van die Here Jesus se lewe voor Sy sterwe. Dis tog duidelik: Die Skrifte getuig oor die Here Jesus.

Maar let nou op die tragedie: Die Jode het die Skrifte bestudeer, ons sou selfs kon sê, hulle het dit met groot erns bestudeer. Hulle het selfs verwag hulle sal die ewige lewe daarin vind – en natuurlik beskryf die Skrifte hoe ons die ewige lewe kan vind. Maar op een of ander manier, het die Jode nog steeds die ewige lewe gemis, ten spyte van hulle intense bestudering van die Skrifte. Ons kom netnou terug hierna.

Getuie 6: Moses (Joh 5:45-47)

Lees Joh 5:45-47. In vers 46 maak die Here Jesus spesifiek die punt: Moses het oor die Here Jesus geskryf, d.w.s Moses het al oor die Here Jesus getuig. Weereens is die vraag: Waar het Moses oor die Here Jesus getuig?

- Een plek is natuurlik in Deut 18:15, waar ons lees dat Moses vir die volk gesê het: "'n Profeet uit jou midde, iemand uit jou volksgenote soos ek, sal die Here jou God vir jou laat opstaan; na Hom moet julle luister." Destyds was Moses die tussenganger tussen die Here en die volk: Die Here het met Moses gepraat, en Moses het dan die Here se wil aan die volk bekend gemaak. En Moses het toe al aangedui daar gaan later nog so 'n Profeet uit die geledere van die volk na vore kom. En let nou op wat sal waar wees van daardie komende Profeet in Deut 18:18: "Ek sal vir hulle uit hulle volksgenote 'n Profeet soos jy laat opstaan, en Ek sal My woorde in Sy mond lê, Hy sal vir hulle alles sê wat Ek Hom beveel." Is dit nie in lyn met wat die Here Jesus oor Homself getuig het nie? Hy het getuig Hy doen net wat die Vader doen. Dit sluit tog in dat Hy net die woorde sal spreek wat die Vader vir Hom sal gee om te spreek.

Moses het destyds al vir die volk gesê hulle moet na hierdie Profeet luister. Dit is presies wat die Here Jesus ook getuig het: luister na Sy woord en jy sal oorgaan van die dood na die lewe.

- Natuurlik is daar soveel meer getuienis in die optrede van Moses wat heenwys na die Here Jesus, byvoorbeeld: Moses was middelaar van die ou verbond, die Here Jesus is die Middelaar van die nuwe verbond. En natuurlik is daar al die simboliek in soveel fasette van die Sinaiverbond: die tabernakel, die offers, die feeste, die wette, ens.

Dit is dus inderdaad so dat Moses ook oor die Here Jesus getuig het. Maar let weereens op die tragedie: Die Jode het hulle hoop op Moses gevestig, en alhoewel dit so is dat Moses oor die Here Jesus getuig het, het die Jode dit gemis. Hulle hoop op Moses gaan nie realiseer nie, trouens dit gaan juis Moses wees wat hulle gaan aankla.

Ek som kortliks op: Die Here Jesus verwys na ses Getuies wat almal oor Hom getuig, en wat bevestig wat Hy sopas oor Homself getuig het. Die getuies is: Die Here Jesus self, Johannes die Doper, die werke van die Here Jesus, God die Vader, die Skrifte en ook Moses. Dink vir 'n oomblik hieroor: Die Vader self, die Here Jesus self, die werke van die Here Jesus sedert Sy koms na die wêreld, en die Ou Testament – al vier gee dieselfde getuienis. En asof dit nie genoeg is nie: mense soos Johannes die Doper en Moses bevestig dieselfde getuienis. Hoor mooi: Die Vader en die Seun se eie getuienis stem ooreen. Nie net stem dit ooreen nie – dit word bevestig deur wat die Here Jesus sigbaar doen voor die oë van die Jode. En boonop is dit in lyn met die inhoud van die Ou Testament, wat volledig opgeskryf was voor die Here Jesus gekom het. En Johannes die Doper en Moses bevestig dit ook.

Maar dink nou verder: Waar lees ons van die getuienis van die Vader oor die Seun? In die Bybel. Waar lees ons van die getuienis van die Seun oor Homself? In die Bybel. Waar lees ons van die werke van die Here Jesus? In die Bybel. Waar lees ons van die Ou Testamentiese profesieë en tipes wat na die Here Jesus wys en wat deur Hom vervul is? In die Bybel. Waar lees ons van die getuienis van Johannes die Doper? In die Bybel. Waar lees ons van die getuienis van Moses? In die Bybel. Waar moet jy gaan soek as jy werklik oortuig wil wees wie die Here Jesus is? In die Bybel. Ons het nie buite-Bybelse getuienis nodig om te bevestig wie die Here Jesus is nie. Hou op om jou te steur aan argumente soos die volgende: Die Here Jesus is die Woord. Die Bybel is die Woord. As die Bybel oor die Here Jesus getuig, sal die getuienis saamstem met wat die Here Jesus self getuig – want die Here Jesus is ook die Woord – volgens sommiges is dit 'n sirkel-redenasie wat niks bewys nie. Die punt om raak te sien, is die volgende: Die Bybel is uniek – dit bevat die getuienis van 'n verskeidenheid van Getuies. En dit is indrukwekkende Getuies: God die Vader, God die Seun, die werke van die Seun en die woorde van die Vader deur die Seun. En al hierdie Getuies stem saam oor wie die Here Jesus is, en wat Hy doen. I.p.v. om baie tyd te spandeer om buite-Bybelse getuienis te wil gebruik, spandeer die tyd eerder om die Bybel te bestudeer.

Dink oor die volgende: Die Ou Testament was in sy geheel opgeskryf voor die Nuwe Testamentiese geskiedenis aangebreek het – dis 'n feit, dit is die Skrifte wat die Jode bestudeer het. Maar toe die Nuwe Testament aanbreek, gaan die profesieë en tipes van die Ou Testament op 'n streep in vervulling (onthou Brian Edwards se 29 profesieë wat in 24 uur vervul is)! Dit bewys tog hierdie Boek is uniek en betroubaar. Voeg nou hierby: dit bevat die getuienis van die Vader en die Seun oor die Seun – sekerlik moet dit dan tog betroubare en oortuigende getuienis wees!

<u>Die tragedie van die Jode</u>

En tog lees ons die Jode, al het hulle toegang gehad tot al hierdie getuienis, het dit alles eenvoudig nie gesnap nie, en hulle was nie oortuig nie: Alles wat die Here Jesus geleer het, het hulle

bevraagteken, en selfs verwerp. Ja, hulle was gretig om na Johannes die Doper te gaan luister – maar net vir 'n tydjie. Daarna eindig hulle eerder by die punt waar hulle vir hom vra: "Wie is u? Wat het u oor uself te sê? Hoekom doop u?" Ja, hulle het die werke van die Here Jesus gesien, maar hulle reaksie is vreemd: As die Here Jesus die tempel reinig, is hulle bekommerd oor die fisiese tempel. As Hy die man by die bad van Betesda gesond maak, is hulle bekommerd oor die Sabbatdag, en nie opgewonde oor iemand gesond geword het nie. Hulle bestudeer die Ou Testamentiese Skrifte met erns, hulle is selfs oortuig dit leer hoe hulle die ewige lewe kan verkry – en tog mis hulle die punt – hulle sien nooit die Here Jesus in die Ou Testament raak nie. In verse 39-40 verduidelik die Here Jesus die implikasie hiervan: Hulle bestudeer die Skrifte om die ewige lewe te kan kry, maar omdat hulle nie kan raaksien dat die Skrifte juis oor die Here Jesus getuig nie – daarom kom hulle nooit by die ewige lewe uit nie – want dit is juis die Here Jesus wat lewe uit die dood kan wek.

Kom on kyk vir 'n oomblik na verse 37-38. Hier sê die Here Jesus die Vader getuig oor Hom, maar die Jode het nog nooit die stem van die Vader gehoor, of Sy gestalte gesien nie, en hulle het nie Sy woorde blywend in hulle nie. Wat bedoel die Here Jesus hiermee? Ek dink Don Carson redeneer sinvol as hy hieroor redeneer. Hy verwys na die volgende:

- As die Here Jesus sê hulle het nooit die stem van die Vader gehoor nie, dan bedoel Hy waarskynlik hulle nog nooit die stem van die Vader gehoor soos wat van Moses gesê word in Eks 33:11 nie: "Die Here het met Moses van aangesig tot aangesig gepraat, soos 'n man met sy vriend". Die Jode het geen persoonlike ervaring hiervan gehad nie.
- As die Here Jesus sê hulle het nog nooit die gestalte van die Vader gesien nie, dan bedoel Hy waarskynlik hulle het nog nooit die ervaring van Jakob in Gen 32:30 gehad nie: "... ek het God van aangesig tot aangesig gesien, en tog is my lewe gered."
- As die Here Jesus sê hulle het nie die woord van die Vader blywend in hulle nie, dan bedoel Hy waarskynlik hulle hanteer die woord nie soos Josua in Jos 1:8 die boekrol moes hanteer nie: Hy moes dit dag en nag mymerend prewel.

Maar hoekom nie? Die vraag is steeds dieselfde: Die Jode het al die getuienis oor die Here Jesus. En tog is hulle nie oortuig nie. Wat is die probleem? Ek is oortuig die antwoord lê in vers 42 waar die Here Jesus sê: "Maar Ek ken julle – julle het nie die liefde van God in julle nie". Hier is die probleem:

- Jy kan leer van Moses met wie die Vader soos 'n vriend gepraat het, maar as die liefde van God nie in jou is nie, waardeer jy nie die ervaring van Moses nie.
- Jy kan leer van Jakob wat God gesien het, maar as die liefde van God nie in jou is nie, waardeer jy nie Jakob se ervaring nie.
- Jy kan leer van Josua wat die boekrol dag en nag mymerend moes prewel, maar as jy die liede van God nie het nie, waardeer jy nie die doel hiervan nie. Jy kan die Skrifte met erns bestudeer, maar sonder die liefde van God snap jy net nooit die punt nie.
- Jy kan jou beroep op Moses en die tabernakel/tempel wat opgerig is in opdrag van Moses met hand en tand beveg en verdedig, maar as jy die liefde van God nie in jou het nie, dan snap jy nooit die tempel is nie die einddoel nie – dit was bloot 'n tipe van die Here Jesus. Daarom, as die Here Jesus die tempel reinig kan jy niks meer sien as dat die tempel skade aangedoen word nie.
- Jy kan na die werk van die Here Jesus kyk as Hy 'n verlamde man gesond maak, en bloot vashaak by die man wat op die Sabbatdag sy slaapmat dra – want die liefde van God is nie in jou nie, en jy kan nie onderskei die Here Jesus demonstreer hoe Hy lewe uit die dood gaan wek nie.

- Jy kan jou ingrawe in die Skrifte om die ewige lewe te soek, maar as die liefde van God nie in jou is nie, gaan jy nie die pad na die ewige lewe wat die Here besig is om uit te werk kan raaksien nie. Nee, sonder die liefde van God gaan jy soos die Jode jou eie idee definieer en waarskynlik gaan jou idee wees dat jy dit deur wetsonderhouding kan verkry. Jy haak vas by die wet, maar vergeet die res van die Sinaiverbond: die tempel en die offers en die feeste en die verlossing waarna dit wys.

Maar nou: Het ons nie vroeër geredeneer ons het in die Bybel al die getuienis om ons te leer oor wie die Here Jesus is nie? Ja, ons het, en dit is waar. Maar: dit is moontlik dat ek al daardie getuienis tot in die fynste detail kan bestudeer, en tog nog steeds die ware Here Jesus mis – soos die Jode. Die liefde van God moet ook in my wees. Onthou die gesprek van die Here Jesus met Nikodemus: Jy moet van bo gebore wees, jy moet uit water en Gees gebore wees – wat juis 'n liefdeshandeling van die Vader is. Om werklik te kan oorgaan van die dood na die lewe, moet ek na die Seun luister. Hoe weet ek wat die Seun sê? Sy getuienis is in die Bybel – so ek moet die Bybel bestudeer. Maar, terselfdertyd, moet die liefde van God ook in my wees. Dit is God wat dit in my werk. Moet ek eers die Bybel bestudeer om Jesus te leer ken voor God Sy liefde in my gee? Of moet God eers Sy liefde aan my gee, sodat ek die Bybel bestudeer en die Here Jesus leer ken? Ek is nie seker ons moet dogmaties oor die volgorde wees nie. Waaroor ons wel dogmaties moet dink, is: Dit vereis 'n liefdesdaad van God om my te wederbaar. Die Here vereis ook dat ons die getuienis oor die Here Jesus met erns in diepte sal bestudeer sodat ons Hom wel kan leer ken as die Messias, die Seun van God. Dan kan ons seker wees daardie drie beloftes waarna ons laasweek gekyk het is ook op ons van toepassing.